VRYBURG HOU JEUGSKOU
Landbouweekblad

Groot opwinding, geesdrif en mededinging is onder die deelnemers aan vanjaar se 15de nasionale jeugskou van Mutual & Federal Agri ondervind.

Die afgelope twee jaar is die nasionale byeenkoms by bekende landbouskole aangebied, maar vanjaar het al tien provinsies sake op Vryburg se skouterrein, wat uitstekend vir groot getalle diere ingerig is, uitgespook.

Die nasionale byeenkoms word in 2015 op Williston se skouterrein in die Oktober-skoolvakansie deur die Namakwalandse jeugskou aangebied.

Die deelnemers aan 'n jeugskou word beoordeel op grond van die was en voorbereiding van die diere, hul algemene kennis oor die dier waarmee hulle skou en hul vertoonkuns van die dier in die ring.

Landbouweekblad, wat al reeds 11 jaar by die jeugskou betrokke is, en Old Mutual was saam met Mutual & Federal Agri die platinumborge vir vanjaar se kompetisie.

Mnr. André Wiese, groepbestuurder vir landbou by Mutual & Federal Agri, sien die jeugskou as 'n belegging in die toekoms van die landbou. "Deur jeugskoue aan te bied, is ons besig om 'n generasie groot te maak wat die volgende geslag boere gaan wees. Die kinders het 'n passie vir diere en dit is belangrik dat dié passie bevorder word."

Juniors:
Inskrywings van sowat 130 juniors is vir die deelname aan die onderskeie klasse op die 15de nasionale Jeugskou op Vryburg ontvang. Soos in die geval van die seniors, was die gewildste klas onder die juniors die 17 inskrywings vir vleisbeeste. Die skou is deur Mutual & Federal Agri aangebied.

Seniors:
Sowat 200 seniors het hulle vir deelname aan die onderskeie klasse tydens die 15de nasionale jeugskou op Vryburg ingeskryf. Die gewildste klas was vir vleisbeeste wat 24 inskrywings van seniors gelok het.